WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 13/2018
16/09/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Peter Cooke of the SAAF

Phillip Weyers states that the SAAF Association has advised "… with profound sadness of the passing of Peter to higher service on 02/10/2018 after a long, courageous and dignified battle with cancer. The funeral service was held on 08/10/2018 at the Glen Methodist Church in Garsfontein". Note. A tribute to Peter is at par 17.

2. Afsterwe van Fido Smit van die Kavallerie

Toon Slabbert van die Kavallerie verwittig met leedwese van die afsterwe van Fido in 1 Mil Hosp op 28/09/2018. Fido was op 25/09/2018 vir behandeling opgeneem, maar het net skielik verswak. Nota. Huldeblyke kan vanaf par 11 gelees word.

3. Afsterwe van John Fowler van die TDK

Thys Buitendag van die Infanterie verwittig met leedwese van die afsterwe van John op 29/9/2018 na 'n lang stryd teen kanker. Geen verdere besonderhede beskikbaar nie.

4. Afsterwe van Carl Muller van die Parabats

Monica Muller van Personeel verwittig met leedwese "… van die afsterwe van Karel op 07/10/2018 in1 Mil Hosp. Carl is sewe jaar gelede met prostaatkanker gediagnoseer, maar die dokters het daarin geslaag om verspreiding te verhoed. Hy is op 05/10/2018 by Afd Ongevalle weens asemnood opgeneem, waar hy gestabiliseer en na 'n saal oorgeplaas is. Die verassingsdiens het op 13/10/2018 vanuit die APK Gemeente in Wierdapark plaasgevind". Nota. Monica se kontaknommers is 012-656 0685 en 082 897 0519.

5. Afsterwe van Heleen : Vrou van Piet Uys van die Geskut

Chris van Zyl verwittig met leedwese dat hy van Piet se seun, Gerhard, verneem het "… dat Heleen op 12/10/2018 in UNITAS Hospitaal weens nierversaking oorlede is. Heleen se herdenkingsdiens vind op 19/10/2018 in die Shelanti Kapel in Centurion plaas en word as 'n privaatdiens slegs vir die familie hanteer. Piet se selno is 082 774 6760 en e-posadres is pduys@lantic.net".

6. Huldeblyk deur die SAWV aan sy Beskermheer. Die President van die SAWV, Marius Cornelissen en die SAWV en die Voorsitter, Jan Malan, het die volgende gesamentlike verklaring uitgereik:

“Ons het met hartseer kennis geneem het van die afsterwe van ons Beskermheer. Genl Jannie Geldenhuys was ‘n man van inbors, ‘n uitnemende strateeg, ‘n besonderse bevelvoerder, ‘n soldaat se soldaat en bowenal ‘n persoon wat omgegee het vir sy ondergeskiktes. Dit is om dié rede dat hy hom beywer het vir die stig van die SAWV om alle oud-soldate in te bind en ‘n tuiste te gee waar hulle hul kameraderie en versorging kon beleef en uitleef. Die fenomenale groei van die SAWV as een van die lewenskragtigste en grootse Veterane-verenigings in die land, wys op sy wysheid, insig en aanvoeling vir die behoeftes van sy ondergeskiktes.

By die SAWV eer ons sy visie, leiding en inisiatief en sal hom as ons beskermheer baie mis. Ons gedagtes en gebede gaan uit na Marie, hulle kinders en die res van die familie met hulle groot verlies”.

7. Sarel Myburgh van die Geskut

“Met die nuus van sy heengaan het ek onthou toe genl Geldenhuys as H Leër ons Bevel- en Stafkursus in 1983 toegespreek het. Genl Geldenhuys het die onderwerp Krieket en Rounders as deel van sy gesprek oor militêre besluitneming hanteer. Dit was vir my ‘n lewensles wat mens op elke aspek van jou lewe kan toepas en ek onthou goed hoe hy oor die kateder leun terwyl hy die boodskap gelewer het. Hy het verwys na die wyse hoe ‘n leier ‘n opdrag moet evalueer om ‘n besluit van hoë kwaliteit te kan neem. Krieket is ‘n spel wat baie detail, voorbereiding en veral tegniek vereis en daar bestaan ge-eikte metodes wat ‘n krieketspeler deel van sy mondering moet maak om suksesvol te kan wees. Rounders is meer informeel en vereis nie al die tegnieke en detailvoorbereiding van krieket nie. Hy het sy beskrywing van krieket en Rounders dan vergelyk met die militêre waardering, want dit is van kardinale belang om te bepaal of dit ‘n krieket (oorwoë waardering) of Rounders (vinnige waardering) as oplossing van die probleem moet wees. Hierdie skets is inge-ets in my geheue en dit sal my beslis lewenslank aan genl Geldenhuys laat dink. Ek eer sy nagedagtenis wetende dat hy altyd ‘n groot verskil gemaak het”.

8. Dreyer van der Merwe : Dienende Landdros en Familievriend

“Jannie Geldenhuys, die gulhartige mens, sportman, militaris, skrywer en gesinsman het boonop op die slagveld die vyand verslaan, om die vredestafel opponente uitoorlê en op strategiese wyse die mat onder hulle voete uitgepluk. Die Amerikaanse diplomaat, Chester Crocker, vertel ook dat *‘… Jannie Geldenhuys has an indomitable sense of humour’*. Hy was almal se generaal.

Hy tree uiteindelik in 1990 af as H SAW, die hoof van een van die sterkste en mees gevreesde weermagte ter wêreld, maar was ook ‘n nederige persoon, die kenmerk van ‘n ware groot leier. Hy kon ewe goed met die troepies kuier, en na hulle luister, as met die wêreld se staatsmanne. Onder sy vriende en kennisse van weleer vind ons die name van Tom van Vollenhoven (een van die beste vleuels ooit), Danie Craven, PW Botha, Magnus Malan, asook internasionale persoonlikhede. Crocker. Die minder bekendes was vir hom ewe belangrik en hy het graag met hulle omgang gemaak. Onder Oom Jannie se helde tel van sy destydse ondergeskiktes, manne soos Deon Ferreira, Dick Lord, Chris Serfontein, Mike Muller en andere; dié wat gewen het. Sy vyande het vir hom groot respek gehad, maar tog het hy hulle uiteindelik om die vredestafel met meer respek behandel as wat hulle van hulle eie politieke meesters ontvang het.

Vir Genl Geldenhuys het suksesvolle oorlogvoering nie net gegaan oor die uitwis van die vyand nie maar was ook meesterlik bedrewe om die vyand en veral sy politieke leiers in ‘n hoek te maneuvreer. Chester Crocker skryf in die verband dat ‘… *Jannie Geldenhuys gave nothing*

away, kept his word and played a major role in enabling Southern Africa to avoid disaster. His subtle management of diplomacy of war saved many lives'. 'n Ander skrywer, Jose Milhazes se titel van sy boek is '… *Angola the Beginning of the End of the Soviet Union.*

Ons salueer vir Jannie Geldenhuys, almal se vriend. Mag ons hom onthou vir sy leierskap, deursettingsvermoë en menswaardige nederigheid. Rus in Vrede".

9. Alwyn van Niekerk van die Kavallerie

"Een ontmoeting met genl Geldenhuys sal my altyd bybly. Vroeg in 1982 word ek uit 'n lesingkamer by 1 SDB na my kantoor geroep en die sekretaresse noem met groot oë dat ek 'n besoeker het. Daar sit H Leër rustig met 'n koppie koffie. Hy was in Tempe en het net '…kom inloer'. Na vele praatjies wil hy na sy ou kantoor gaan kyk en oorkant A Eskn gaan hy voor 'n kantoorblok staan en dui presies aan waar sy klein kantoor as die jong pelotonbevelvoerder van die masjiengeweerpeloton was. Terug in die kantoor begin hy met sy siening van 1 SDB se 50 jarige verjaardagfees in 1983 want '… dit is nie net 'n partytjie nie omdat die SA Leër uit 1 SDB gegroei het'. Hy versoek ook dat soveel moontlik van die SBD se oorlewende oorlogsveterane van die stryd in Egipte en Italië opgespoor en uitgenooi word. Daarna volg 'n gesprek oor sy visie van affiliasiedrag vir al die eenhede van die SA Leër en gee opdrag dat dit ten volle op die parade in 1983 vertoon moet word. Dit het nie net 1 SDB se geskiedenis beïnvloed het nie, maar ook van die hele SA Leër. Sy wense is met groot durf en ywer aangepak en suksesvol in Apr 1983 aangebied. Dit was 'n wonderlike ontmoeting en voorreg".

10. Chris Hattingh van die SALM

"Saluut en baie sterkte aan sy familie, geliefdes en vriende".

HULDEBLYKE AAN FIDO SMIT VAN DIE KAVALLERIE

11. AP Stemmet van die Kavallerie

"Fido en ek was saam veldkornette en toe ons so 'n bietjie ouer was, was ons weer saam erekolonelle van ons eenhede. Fido was nie rigied nie en was altyd op die uitkyk vir nuwe idees. Tydens opleiding het hy almal aangemoedig om aan nuwe voorstelle en buite die vierkant te dink, maar dit moes prakties en werkbaar wees. Hy het voorafbepaalde oplossings verpes. Reeds as 'n veldkornet het hy die adjudantoffisiere mal gemaak met sy manier van salueer. Hy en n paar ander jonges het gedink die ou manne is laf met hulle Britse langstepadopkortstepadaf manier van salueer en het begin om die hedendaagse wyse van salueer te gebruik. Ek eer sy nagedagtenis".

12. Derek Odendaal van die Kavallerie

"Met diepe medelye en baie goeie herinneringe aan die veldoefeninge by die SA Leërgevegskool in Lohatla".

13. Alwyn van Niekerk van die Kavallerie

"Fido se begrafnisdiens was vir sy naasbestaandes en die Veterane en kollegas wat dit bygewoon het, iets werklik besonders. Hulle het in groot getalle en oor die breë spektrum van plaaslik en van verre opgedaag om hulde aan 'n besondere vriend te bring. Die lofbetuigings was dit eens dat hy 'n unieke persoon in alle opsigte was en 'n maestro op legio terreine. Respek, agting, bewondering en opregte kameraderie het uitgestraal teenoor ons heengegane vriend. Ons betreur sy heengaan maar verheug ons in die geleenthede wat ons gehad het om dit opreg met hom te belewe. Gegroet Fido".

14. Fido se Sherman Tenk

Met Fido se verplasing vanaf 1 SDB het sy eskadron se staflede besluit om sy naam op die tenk te laat skilder. Fido het later die ere-kolonel van 1 SDB geword en het met ‘n geleentheid by sy tenk vir ‘n foto gaan staan.

15. Fido se Gesin sê Dankie. Die volgende berig is van Elmarie en die res van die gesin ontvang:

- Ons as familie wil graag ons opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies uitspreek:
- Die Pantserbond en die Bond van Savannah Veterane vir hul betrokkenheid.
- Toon Slabbert vir die bedankings en deurlopende belangstelling en ondersteuning voor, tydens en na sy afsterwe.
- Chris Gildenhuys vir die treffende huldeblyk.
- Aan almal wat telefonies of elektronies hulle simpatie betuig het.
- Aan almal en veral die groot aantal Militêre Veterane wat die diens bygewoon het.
- Al die lede van die Kerk In Suid (Wierdapark) vir hulle hulpvaardigheid voor, tydens en na die diens.
- Aan ds Attie Bezuidenhout vir ’n gepaste boodskap tydens die diens.

Nogmaals baie dankie”.

16. Gebeure by die Diens

Jaco van As het die fotos verskaf van Chris Gildenhuys wat die huldeblyk lewer en Toon Slabbert wat die bedankings namens die familie doen.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

17. Tribute to Peter Cooke by the SAAF Association

Peter was a SAAF Vlammie who served at 4 Sqn and 40 Sqn flying Impalas and on 2 Sqn flying Mirage F1s. Peter saw action in the Border War and was for many years Honorary Colonel of 2 Sqn. Peter was one of the few who retained his Mirage currency as a Reserve Force pilot after leaving the SAAF to join SAA. Peter had an extremely successful career at SAA and many SAA flying crew will readily acknowledge that Peter, more than anyone else, was responsible for the substantial improvement in employment conditions of SAA aircrew. After leaving SAA, Peter joined Comair where he rose to become a highly respected and extremely popular Chief Pilot. Peter was a definitive gentleman and consummate pilot who was held in great respect and much affection by all who were privileged to cross his path.

18. Prestasie deur Willem [Kaas] van der Waals van die Parabats

“Ek is hierdie jaar die mans enkelkampioen van die Centurion Rolbalklub, asook saam met twee ander die geslote driebalkampioen van die Gauteng-Noord Senior Spelersvereniging. Wat dit iets besonders maak, is dat my Nommer 2 ‘n 91 jarige Veteraan is, naamlik Oom Danie Bosch. Hy was nie net die man van die wedstryd in die finaal nie, maar ook die man van die hele kompetisie waaraan 19 spanne deelgeneem het. Baie van ons jeukerige Veterane speel rolbal, soos genl Ben Vorster, Hans Moller, Faan Grobbelaar en Leon Croukamp om net enkeles in Pretoria te noem. Laat ons van hulle prestasies hoor!”

MILITêRE AANGELEENTHEDE

19. SA Special Forces to Get New Workboat

In Arne’s MN it was reported that Cape Town-based shipbuilder, Veecraft Marine, has contracted Australia’s Incat Crowther for the design of a 20-meter monohull workboat for the SA Special Forces. The vessel will be tasked with the transportation of personnel and equipment and supporting training activities in coastal areas up to 10 miles off the coast under inclement weather conditions often experienced in the area.

20. US Exercise Valiant Shield 2018 Features Joint Strike Fighters and 15 000 Personnel

The aircraft carrier USS Ronald Reagan leads a formation of Carrier Strike Group ships as B-52 Stratofortress aircraft and USN F/A-18 Hornets pass overhead for a photo during the exercise.

21. Kruis ter Herdenking aan Wyle Kol CR Opperman van die SALM

* Voorheen het Paul Els genoem van hierdie houtkruis wat naby die ingang na die Ou Begraafplaas in Voortrekkerhoogte staan en wou graag weet wat die agtergrond is.

* Chris Gildenhuys van die Kavallerie rapporteer "... dat kol Chris Opperman Bev LMB Bloemspruit was en het met tye van die ongeluk as SSO Lug by J Ops Div op my staf gedien toe ek D Ops was. Een oggend in Mei 2016 was hy van sy motorfiets afgery deur 'n motor wat skynbaar teen 'n hoë spoed voor hom ingedraai het. Hy is erg beseer en het later die dag in 1 Mil Hosp aan sy beserings beswyk. Sy begrafnisdiens met volle militêre eerbewys was op 16 Mei 2016 by die LMB Bloemspruit gehou. Ek vermoed een van sy kollegas die kruis daar op die ongelukstoneel in sy herrinnering gaan plaas het".

22. Official Opening of the Lion & Tusk Museum in New Zealand

Hugh Bomford of the Rhodesia Armed Forces reports that "… in May 2018 we rented an industrial unit in Mount Maunganui, New Zealand, to establish our Lion & Tusk Museum of which the official opening will take place on 10/11/2018. There is still a massive amount of work to be done but we are now open to the public. We have been posting photos of our progress on our Facebook group at https://www.facebook.com/groups/152017521536350/ and has setup a YouTube channel at https://www.youtube.com/channel/UCmmFOMUq0gk1UNGn53Rm6ug. The link at http://www.rhodesianservices.org/contactcontact.htm provides access to the Sep 2018 issue of Contact! Contact!, a publication of the Rhodesian Services Association. The photos shows a part of the interior of the Museum and the emblem".



TOEKOMSTIGE OORLOë

23. US Navy Proposing Major Show of Force to Warn China

In Arne's MN it is reported that the USN's Pacific Fleet has drawn up a classified proposal to carry out a global show of force as a warning to China and to demonstrate that the USA is prepared to deter and counter their military actions. The draft proposal is recommending that the US Pacific Fleet conduct a series of operations during a week in November, with the goal of carrying out a highly focused and concentrated set of exercises involving US warships, combat aircraft and troops to demonstrate that the US can counter potential adversaries quickly on several fronts. Officials acknowledge that China often see these missions as provocations.

24. Chinese Warship Came Close to Colliding with US Destroyer. The photo shows how close a Chinese vessel came to colliding with a US warship in a recent incident in the South Chinese Sea.

25. Adm Foggo Warns of Russian Submarines Challenging U.S. Defenses

The Chief of Naval Forces in Europe has warned that Russia is preparing an underwater battlespace in the Northern Atlantic and that a US naval presence is more important now than any time since the fall of the Soviet Union. He states that Russia's national security policy seems to be to challenge the US and its allies and the US must do all it can to ensure that a rules-based international order remains in the waters in and around Europe.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

26. Stelsel vir Noodbehandeling van Militêre Veterane. Hierdie inset deur dr Lourens Smith is verlede jaar gedra, maar word herhaal weens die belang wat dit vir ons mense het:

* Die Militêre Hospitale se Noodgevalle-afdelings se nommers is soos volg:
- 1 Mil Hosp 012-314 0267 en 012-314 0271
- 2 Mil Hosp, Wynberg, 021-799 6330 (kies opsie 1) en 021-799 6239.
- 3 Mil Hosp, Tempe, 051-402 2253 en 051-402 2254.

* In ‘n noodgeval word die eerste en beste ambulansdiens vir hulp gekontak en die pasiënt word of na die naaste militêre hospitaal of enige ander hospitaal se noodgevalle-afdeling vir stabilisering geneem. Indien ‘n privaatdiens gebruik word, moet die plaaslike SAMGD fasiliteit SSM verwittig word. Sou dit buite normale werksure wees, moet dit op die eerste werksdag na die voorval gedoen word. Die SAMGD sal dan voortgaan om die magtigings en die fasilitering te hanteer waar ‘n militêre pasiënt in ‘n privaathospitaal opland.

27. Kortbetaling deur die SAGD

* Bertus Steenkamp van Afd Inl noem vanaf Vishoek dat hy goeie behandeling van ‘n plaaslike Prostodontis ontvang, maar dat hy “… dit vreemd vind dat die Prostodontis al vyf keer kortbetaal is. Die bedrae wissel van tussen R38 tot net oor die R200, terwyl sy kwotasie aanvaar en ten volle gemagtig was. Dit maak eenvoudig nie sin nie en die Prostodontis is nie gelukkig nie”.

* Die kwessie is na Tony Dippenaar van Cela verwys en Tony noem dat hy “... nie kan verstaan waarom die rekening nie ten volle vereffen is nie en het met Dir Tandheelkunde by SAMGD geskakel, wie aanbeveel het dat Bertus die Sekretaresse, ene Sally, by 012- 671 5140 skakel en aan haar sy volle besonderhede verskaf, sodat sy die rekening op die stelsel kan nagaan”.

28. Piet se Probleme met Militêre Mediese Behandeling

Piet Moolman van die Infanterie verwittig uit Polokwane (beter bekend, ook plaaslik, as Pietersburg) dat hy “…nie kan verstaan waarom ‘n VPA-lid wat ver van ‘n Militêre Hospitaal woonagtig is, nie by ‘n plaaslike hospitaal ‘n operasie kan ondergaan nie. Ek moet weer op 25/10/2018 na 1 Mil Hosp gaan vir ‘n ondersoek met die oog op ‘n moontlik skoueroperasie. Elke keer is dit 600 km en die brandstof beloop niks minder dan R1 600 per besoek, om nie eens van die verblyfkoste te praat nie. Vandat ek my skouer beseer het, gaan ek maar na ‘n plaaslike dokter vir kortisooninspuitings wat tussen R650 en R800 kos, aangesien die Siekeboeg dit selde beskikbaar het. Dit is baie goedkoper as om na 1 Mil Hosp vir ‘n konsultasie te gaan.

Vanaf die eerste dag wat ek probleme met my tande gehad het, het nie minder dan drie tandartse my behandel. Die gevolg is dat vier van my voortande getrek moes word en ek was al op vier kursusse antibiotika. Dit is nou al ses maande maar ek sal my nuwe gebit darem seker binnekort ontvang”.

29. Afsterwe van Carl Moolman van die Parabats

‘n Bedroefde Monica Moolman van Personeel verwittig dat Carl op 05/10/2018 by 1 Mil Hosp opgeneem is nadat hy asemnood ondervind het. Met besoek op 06/10/2018 was hy nog in ‘n goeie toestand, maar in die nag het iets gebeur waaroor ons nog nie duidelikheid het nie. Op Sondag 07/10/2018 het ek hom vanaf 07:00 op sy selfoon begin skakel, maar hy het geen van my oproepe beantwoord nie. Die landlynnommer van 1 Mil Hosp is ook nie beantwoord nie. Met die vyfde oproep om 09:00 het iemand sy selfoon geantwoord en gesê ons moet dadelik hospitaal toe kom. Teen daardie tyd was sy liggaam reeds weggeneem en volgens die personeel aan diens is hy rondom 02:00 oorlede. Ten spyte daarvan dat ek met die personeel bevestig het dat hulle my kontaknommer het, het hulle my nie in kennis gestel nie, klaarblyklik omdat hulle twee syfers in die nommer omgeruil het. Geen klokkies werk by die beddens nie en daar is geen manier waarop ‘n pasiënt wat probleme ondervind die verpleegpersoneel se aandag kan trek nie. Sodra ons die formaliteite afgehandel het, gaan ek die saak verder voer. Geen ander familie moet in die toekoms dieselfde trauma deurgaan as wat ons die afgelope paar dae deur is nie”.

30. Verklaring deur Tony Dippenaar van Cela

“Ek het tot dusver gepoog om my afgetrede kollegas met probleme te help wat hulle met mediese behandeling ondervind, of dit nou langwagtye vir afsprake, probleme met behandeling, of iets dergliks is. Ek besig om uit ‘n gevoel van lojaliteit en omgee, betrokke te raak by sake waar ek na regte geen gesag of ampstatus het nie en het op die ‘…old Boys net’ staat gemaak om reaksie te vermag. In hierdie proses het ek vir meer as wat gerieflik was getender en is spyt dat ek nie daarmee kan voortgaan nie. Ek moet aanbeveel dat lede voortaan as volg te werk gaan:

- As hulle ontevrede is met die wagtyd vir spesialisafsprake of ander verwysings, moet hulle dit in die eerste instansie met die verwysende Geneesheer opper, wie uit ‘n mediese oogpunt behoort op te tree. As lede dan steeds ontevrede is, moet hulle by die hospitaal se bevelvoerder aanklop.
- As lede met die behandeling ontevrede is, moet hulle weereens dit met die betrokke dokter bespreek en dan, indien nodig, met die bevelvoerder.
- Lede met klagtes oor die diens wat hulle ontvang, moet dit tydig by die bevelvoerder aanmeld, om hom staat te stel om optrede te neem.

Ek versoek asseblief begrip dat ek nie as ‘n klagtekantoor kan funksioneer nie, maar is steeds bereid om lede op ‘n persoonlike grondslag met raad te bedien oor geneeskundige sake wat hulle nie verstaan nie, maar weereens is dit is die dokter wat hulle behandel se plig om sulke verduidelikings te verskaf.

Lede wat navrae oor die Voortsettingsfonds het, moet dit asseblief by die betrokke afdeling van die Fonds aanhangig maak”.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (PFMCF)

31. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

32. Acknowledgement of Father Patsy Nolan

Jurie Bosch of the Irish Infantry states “… that Father Nolan was the Chaplain of my previous unit, the SA Irish Regt, during WW2. The first photo shows him in the regimental regalia during WW2, while the second photo was taken when he received the Order of the Star of South Africa (Non Military) from the State President on 20/10/1988. Father Nolan was present on Johannesburg Station to bid us farewell with the unit’s deployment with 72 Bde for Op Savannah in 1975”.

Father Patrick Nolan. Photograph taken November 1940

NUWE MILITêRE BOEKE

33. Die Roem en die Rou: Stories agter Honoris Crux deur Dr At van Wyk

Beskikbaar vir R236.00 vanaf Bush War Books by warbooks.co.za@cmail19.com.

PAUL ELS SE BOEKE

34. NTR.

WELSYNSWERK

35. Hulpverlening aan Militêre Veterane in Nood

Nantie Potgieter van die Raad van Militêre Veterane-organisasies Suid-Afrika (RMVO SA) verwittig dat die Bestuur deeglik bewus is dat vele Veterane weens die ekonomiese- en maatskaplike uitdagings in nood verkeer. Die RMVO SA het derhalwe sedert 2016 ‘’n fonds geaktiveer om sodanige Veterane binne redelike perke behulpsaam te wees om noodsaaklike behoeftes aan te spreek. Alle versoeke word vertroulik hanteer. Die bestuur verkies dat die Lidorganisasies ook by die proses om hulpverlening betrokke sal wees, maar elke aansoek sal op meriete hanteer word. Skakel die RMVO se Kapelaan, Ds Marius Cornellissen, vir meer besonderhede by mariusco@lantic.net, of die RMVO se Menslike Hulbronbestuurder, Jaco van As, by jmva@lantic.net, ook om van lede te verwittig wie in nood verkeer. Besoek ook RMVO SA se Webblad vir meer besonderhede”.

RMVO
CMVO

36. Pensioen vir Weermagveterane

Marthie Visser van die SALM verwys na ’n artikel wat op 30/09/2018 in die Rapport verskyn het, waarvolgens hulpbehoewende lede wat Veterane van WO2 en die oorlog in Korea is, vir ’n pensioen van Ri 700 per maand kwalifiseer. Doen by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling navraag.

37. Education Support to Military Veterans and their Dependants

Johann du Preez of the SADF Association (SADFA) has made known that the Department of Military Veterans (DMV) will be conducting presentations at a number of locations across the country to explain the education support provided to Military Veterans and their dependants according to the Military Veterans Act. Presentations will commence on 12/10/2018 in Mpumalanga, while the presentation in Gauteng has been set for 02/11/2018. Enquiries can be made at the DMV’s Call Centre at 080 2323 214. Johann states that Veterans requiring assistance with transport to attend the presentations should call the SADFA at 062 517 6939.

“Veterans creating the future”

ALGEMENE ASPEKTE

38. Verering van Helde

’n Ontstelde Paul Els noem dat “... daar reeds ’n 100 beelde by die Gedenkpark by die Fonteine in Pretoria opgerig is (foto hieronder) en daar word blykbaar nog 300 beplan. Maar wat het ons van ons helde? Niks nie. Ons het nie meer beheer oor die beeld van Troepie op Klapperkop nie en daar is net twee kopbeelde van genl Constand Viljoen, een in die Voortrekkermonument se kluis en een in TSA se stoor. Met die doel om te bepaal waar daar beelde van ons helde is, is ‘n blad op Bakkies Blad geskep en daar is reeds ongelooflike fotos deur baie lede daarop geplaas. Ons het ‘n behoefte aan ’n Gedenkpark om ons eie mense te vereer.

.

39. Verering van Ons Helde

AP Stemmet van die Kavallerie noem dat hy "... op RSG gereageer het oor die simpel vraag of helde uit ons tydperk vereer moet word. Ek is geskok dat die vraag selfs gevra word. Hulle het my kommentaar gedeeltelik naamloos uitgesaai en ek wonder waarom. Terroriste uit daardie tydperk word vereer sonder dat vrae gevra word. Dit maak seer dat genl Geldenhuys se nagedagtenis en die van baie ander helde besoedel word. Ek is trots dat ek onder hom gedien het. Wat n held en strateeg!!

40. Projek Kiewiet van die SAWV : Registrasie vir Voordele itv die Militêre Veterane Wet

Johann du Preez is die Ondervoorsitter van die SAWV en noem dat hulle bewus is van die uitdagings wat by die by die Departement van Militêre Veterane (DMV) bestaan om vir die registrasie van ons lede op die databasis voorsiening te maak, waar vir voordele soos voorsien deur die Militêre Veterane Wet 2011 (Wet no 18 van 2011) aansoek gedoen kan word. Dienslewering by die departement is uiters swak is en daar is feitlik geen stelsel in plek nie. Ons is positief oor die aanstel van lt-genl DM Mgwebi as die waarnemende DG van die Departement. Hy is ons goedgesind en ek is oortuig dat dienslewering sal verbeter. Die SAWV het ook twee nuwe lede, naamlik Joy Frankenburg en Leon Fourie, aangestel om direkte skakeling met DMV te doen.

Die volgende proses word met die hantering van aansoeke gevolg:

Arlene Bronkhorst hanteer alle aansoeke. Sy reël die PERSOL-uitdrukke en berei aansoeke vir indiening voor. Joy Frankenburg en Leon Fourie dien die aansoeke by die DMV in.

Joy volg alle aansoeke op wat reeds ingedien is en gee terugvoer aan Projek Kiewiet se komitee wat hierdie sake hanteer.

Arlene gee terugvoer per e-pos aan elke lid wie aansoeke ingedien is.

Elsie hanteer alle navrae en kontak lede telefonies wat nie oor e-posfasiliteite beskik nie. Vir enige navrae kontak Elsie by 060 603 2930 of Arlene by sawv@milvets.co.za.

Ons word uitstekend ondersteun deur die RMVO SA wat op hoë vlak met die DG en ander skakel om probleme te hanteer en uit die weg te ruim.

ACTIVITIES OF THE COUNCIL OF MILITARY VETERANS' ORGANISATIONS OF SOUTH AFRICA(CMVO)

41. Letter of Confidence in the Newly Appointed DMV ADG

Johan (Dippies) Dippenaar of the Cavalry is the Chairman of the CMVO and has expressed formally the trust "… that the CMVO has in the newly appointed Acting Director General (ADG) of the Department of Veterans, namely Lt Gen Derrick Mgwebi. He was appointed mid-June by the Minister to turn the DMV around at best speed. Such a mission, after so many years of dysfunctionality, is a daunting task. After three months in the '*hot seat*' and after a full audit of personnel and operational functioning of the department was done, he requested C SANDF for the detachment of 20 senior personnel to shape and stabilize the department. The detachment will be for a period of three months and commenced on 01/10/ 2018. I request all Military Veterans to show good discipline and to support the ADG so as to allow him to execute his mandate. The turnaround plan requires patience and our loyal support. The final outcome is a DMV that will be of benefit to all the Military Veterans in need".

42. Opheffingsprojek onder die Boesman-soldate

Nantie Potgieter van die RMVO rapporteer oor die RMVO se opheffingsprojek wat deur die SAGE Stigting geborg word vir die Kwedamen !Kun Militêre Veterane wat in 31 Bn gedien het. Die projek word in die dorpie Platfontein naby Kimberley gedoen. Die doel van die borgskap is om die gemeenskapsentrum in Platfontein vir die Militêre Veterane te verbeter, te bestuur en te ontwikkel, 'n besigheidskantoor binne die gemeenskapsentrum te stig wat deur die ongeveer 200 Veterane en hulle 7 000 afstammelinge gebruik kan word en om 'n spoorwegvraghouer as 'n waghuis en sekuriteitsheinings in te rig. Sedert 2017 is 60 persone in die gebruik van rekenaars en is ook 20 potensiële entrepreneurs identifiseer om onderrig te ontvang.

Die uitdagings met die projek is groot! Die bestuur daarvan en die aanstel van kundiges en die bestuur van die fondse wat SAGE verskaf word streng deur UNISA beheer. Die fasiliteite is voltooi is en ons is hard besig om die lewenskwaliteit van die Kwedamen !Kun Militêre Veterane te verbeter om hulle waardigheid te herstel".

43. Prestasie van Robbie Fox van Logistiek

Vroeër is gerapporteer dat Robbie as sy klub se kampioen gekroon is. Willem [Kaas] van der Waals van die Parabats voeg by dat Robbie te beskeie is en nie genoem het dat hy die afgelope jaar ook sy provinsie , waarvan ek 'n keurder was, verteenwoordig het nie. Kaas is ook bly dat daar in die Nuusbrief vir rolbal reklame gemaak word.

44. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Oct 2018 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

45. Financial State of the RSA. The economist, Mike Schüssler, posted the following:

"World extreme poverty has declined with 45% since 2008 as a percentage of the global population to 10% of the global population. Sub-Saharan African poverty declined with 14% over the same time. In the same period, extreme poverty in the RSA increased with 12% to 18,9% of our population!"

46. Playing of Last Post on a Violin

Dr/Ds/Cpln/Oom Jozua Potgieter provided this tribute to the fallen, amongst others both of the artist's Great Grandfathers, neither of whom came back from the battlefield. Her tribute, namely Last Post played on a solo violin to those who served then and to those who serve now. It van be heard on the link at https://www.youtube.com/embed/NqHx1CDRQkc?rel=0

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

47. Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

48. Statements by AMAGP

The Spokesman of AMAGP, AP Stemmet, has issued a number of statements on behalf of AMAGP the past month, which can be read in the GEPF Monitor mentioned below in par 51.

49. GEPF Plans to Increasing its Exposure to Unlisted Investments

In an article by Warren Thompson he has stated that news coverage around this subject has primarily focussed on the planned increase in offshore investments by the GEPF via the PIC. This initiative is overdue by at least five years. However, better late than never With this good news, the bad news is sort of slipped in via the back door as the GEPF is looking at increasing its exposure to unlisted investments. Included in these 'investments' were a number of lemons, but the need to further increase holdings of these unlisted investments actually is a case study where social responsibility outweighs pure financial gain with investments. GEPF members should be worried about this planned new development. Just ask yourself whether the GEPF could exercise proper control to prevent losses with these unlisted investment. To increase exposure to these types of investments, however noble the intentions, at this time is, very speculative at least.

50. Beroep op die Militêre Veterane

AP Stemmet verklaar dat "… ons Pensioenfonds word beroof! Dr Dan Matjila van die OBK het self op 17/10/2017 gesê dat 30% van die ongenoteerde beleggings swak presteer. Ons het ook al by herhaling uitgewys dat in die OBK se voorleggings in 2015 aan die Staande Komitee oor Finansies, 65 sulke beleggings resultate van tussen minus 52,02% en 0% opgelewer het en dat die resultate van 39 nie aan die parlementslede openbaar is nie. Nou wil hulle hierdie soort beleggings verhoog! En dan wil die President ook nog by die GEPF kom oes vir sy ekonomiese regrukplanne".

51. New Issue of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks reports that Number 16 of 2018 is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from his e-mail address at amagp.sek@gmail.com. The Newsletter makes for interesting reading and it is mentioned that '… there are 1 273 784 active members, 437 051 pensioners, and "R 1 67 trillion in assets under management".

SOEKTOGTE

52. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

53. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat "… die volgende hinderlaag van die SA Infanterie-vereniging op Saterdag 20/10/2018 vanaf 11:30 vir 12:00 plaasvind. Die NUR vergadering begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Die kostes is R120 per persoon, daarvoor kry jy 'n braaivleispak, pap, sous, 'n broodrolletjie en botter, braaispeserye, nagereg, sjerrie vir 'n heildronk, eetgerei en servette. 'n Kontantkroeg is ook beskikbaar. Die hinderlaag en ete van Sep 2018 was 'n reuse sukses. Ons het teiken met windgewere geskiet en met hierdie hinderlaag gaan ons boogskiet. Bring die gesin saam! Bespreek by Geoff Holland-Muter op 076 637 9355 of op geoff@bexlosa.com".

54. Projek Kolgans van die SAWV : Ontbyt op 13/10 en 10/11/2018

Arlene Bronkhorst van die SAWV verwittig dat met die tradisionele ontbyt op die tweede Saterdag van die maand by Chatterley's in Valhalla, het 'n gasspreker oor die konsentrasiekampe van die Anglo/Boere-Oorlog gepraat. 'n Totaal van 54 lede het die geleentheid bygewoon. Kom deel weer met die volgende heerlike buffetontbyt saam met vriende en familie op Saterdag 10/11/2018 om 08:30 by Chatterley's. Verwittig vir my by sawv@milvets.co.za of selno 0606032930 teen 08/11/2018 indien u gaan bywoon".

55. Spesiale Ontbyt van Klub Omuthiya in Bloemfontein

Johan van Wyngaard van Leërinligting rapporteer dat "…Klub Omuthiya op 06/10/2018 'n spesiale ontbyt vir 'n baie spesiale groep manne gehou het. Hierdie inisiatief kom nou al meer as 'n jaar en het uiteindelik plaasgevind. Onder leiding van die klub se Voorsitter, Reg Walkerley, en die bestuur was die geleentheid 'n groot sukses en die gaste het groot waardering gehad. Die ontbyt is onder andere deur Oom Willie Meyer, M. du Plessis, Mos Grobler, Hans Heinze. Cassie Schoeman, At Vorster, Jaap Steyn, Ben van Baalen, Anton Blignaut, Charlie Schoeman, Piet Terblanche en Alwyn Burger bygewoon. Jaap Steyn het die groep ingelig oor die afgelope Angola toer deur 'n aantal Veterane van 61 Meg Bn en het twee boompies, as simboliek vir diegene wat naby Cuito Cuanavale gesneuwel het, aan die klub oorhandig. Dit is die Omuthiya-boom (Acacia Erioloba) beter bekend as die 'Kameeldoring', 'n dominante boom wat 250 tot 300 jaar oud kan word".

56. Ete-groep in Centurion

Die vorige ete op 16/08/2018 by die Kookabella Kafé was lekker en ons het die hele binne-lokaal en kaggel vir onsself gehad. Die volgende ete sou op 20/09/2018 plaasvind, maar is weens genl Geldenhuys se roudiens op dieselfde dag gekanselleer. Hierdie maand se ete het op 18/10/2018 plaasvind en die volgende een sal op 15/11/2018 wees. Detail kan vanaf die e-posadres by isajohan@johannisa.co.za verkry word.

NETWORKING

57. NTR.

ADMINISTRASIE

58. NTR.

59. Nuwe Lede

Later.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

60. Food for Thought

* You have two ears and one mouth. Follow that ratio. Listen more and talk less.

* Show respect to people when they do not deserve it. Respect is a reflection of your character, not theirs.

* Never test the depth of the river with both of your feet - Warren Buffett

61. Advice for Retirement

62. Medical Advice at the Pharmacy of 1 Mil Hosp

63. Gevare van Dimensia

Vier ou Veterane mans speel ‘n potjie kontrakbrug by die Aftree-oord in Eldoraigne toe die een na die ander en kyk en sê “… moet nou asseblief nie vir my kwaad word nie. Ek weet ons is al baie lank vriende, maar ek kan eenvoudig nie onthou wat jou naam is nie! Sê asseblief vir my wat jou naam is”. Sy vriend staar na hom en sê toe uiteindelik “… hoe gou wil jy weet?”

64. Incident in England. Tanya Power, widow of Norman Power of Special Forces, says that the following happened to her last week:

SLOT

65. And on that subversive note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

66. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.